

Jan Steyn Preek 11 Augustus 2019

Teks: Jona 1:4-16 (Markus 4:35-41)

Tema: Storms

Inleiding:

Storms. Hulle is maar deel van ons almal se lewens. Die storms wat oor ons lewens losbars is soms ons eie skuld. Soos Jona. Sy ongehoorsaamheid aan God het die fisiese storm op see oor sy lewe gebring. Jona het hom doof gehou vir God se stem en God stuur die groot storm op see om sy aandag te kry en hom terug na God en sy roeping te roep. Elke daad van ongehoorsaamheid aan God het iewers 'n storm daaraan verbind. Hierdie storm bars egter nie net los oor Jona nie, maar ook oor die matrose in die boot wat eintlik onskuldig is in die hele situasie. Ons ongehoorsaamheid aan God kring baie keer uit na ander mense en my storm woed dan ook in hulle lewens.

Alle storms in ons lewens is natuurlik nie die resultaat van sonde of ongehoorsaamheid aan God nie. Sommige kere is ons die onskuldige slagoffers van ander mense se besluite- jou man of vrou ontmoet iemand anders en is nou klaar met jou, jou kinders beland diep in die skuld en jy as ouer moet help, jou vennoot by die werk doen iets oneerlik en jy verloor die besigheid wat jy opgebou het. Jy kry soms op 'n dag wat soos enige ander een voel die skok-oproep: Jou kind was in 'n ongeluk, die ambulans het jou man by die werk moes kom optel, jy het nie volgende jaar meer werk nie, dis kanker. As die land se ekonomie swak is, verloor mense hulle werk en al hoe minder mense moet al hoe meer werk doen. Die swak ekonomie maak ons petrol en kos en algemene uitgawes meer en meer. Dis buite ons beheer. So sommige storms word ook deur dinge buite ons beheer veroorsaak of deur ander mense veroorsaak.

Kom ons kyk bietjie hoe die verskillende karakters in hierdie storie optree as die storm losbars:

Wat doen Jona as die storm kom?

As die storm losbars slaap Jona. Jy kan mos om verskillende redes slaap. Een is omdat jy moeg is en moet rus. Jy kan egter ook slaap om te ontvlug- vat 'n paar glase wyn en twee slaappille dat jy net in slaap kan ontvlug en nie wakker sal lê oor die krisis wat môre by die werk wag of daardie moeilike gesprek wat jy môre moet gaan voer nie. Of eenvoudig om van al jou stres en spanning te ontvlug. Jona slaap die slaap van ontvlugting- hy wil nie dink oor die 120 000 mense van die groot stad Nineve of selfs oor die matrose op die skip se dek wat vir hom net heidene is wat hom in Tarsis moet kry nie. Hierdie matrose en hul skip is vir Jona net hierdie middel tot 'n doel- hulle moet hom help om so ver

as moontlik van God as aangesig af weg te vlug. Jona se slaap is diep, dieselfde woord vir slaap word hier gebruik as die diep slaap waarin Adam geval het sodat die Here een van sy ribbes kon verwyder en Eva daaruit kon skep.

Die kaptein van die skip moet Jona gaan wakker maak. Hy roep Jona op om tot sy God ook te bid vir verlossing uit die storm, net soos wat die matrose elkeen sy eie god aangeroep het. Dan word daar lootjies getrek en Jona word aangewys as die skuldige party. God werk deur ini, mini, mainie, moe, om hier die skuldige, die rede vir die storm aan te wys. Nou reën die vrae op Jona: Wat werk jy? Waarvandaan kom jy? Uit watter land en van watter volk is jy? Kyk mooi wat Jona antwoord: Ek is 'n Hebreër. Hy antwoord die laaste vraag eerste, want dit is wie hy eerste is, sy diepste identiteit. Sy werk of roeping is tweede: ek dien die Here die God van die hemel wat die see en vasteland gemaak het. Jona is eerste man van sy volk voordat hy man van God is.

As die matrose vergeefs probeer om die situase te beredder deur te roei vir die vasteland en selfs so vir Jona te probeer red, antwoord Jona hulle in vers 12: "Vat my en gooi my in die see, dan sal dit kalm word rondom julle, want dit is oor my dat hierdie groot storm rondom julle woed." Dit klink so dapper en heldhaftig wat Jona hier voorstel. Dit is alles behalwe. Om in die see gegooi te word in hierdie massiewe stormsee, sou selfmoord wees en dit is presies wat Jona hier in die oog het. Dan eerder dood in die see as om aan God gehoorsaam te wees en Nineve toe te gaan.

Ek het by die eerste boodskap oor Jona daarop gewys dat daar iets van Jona in ons is en dat ons iets van onself in Jona gaan herken. Is ons nie maar ook geneig om as die storm oor ons losbars eers kop in die sand te steek of laag te probeer lê of selfs in slaap te ontvlug hopende dat die storm maar net sal ophou of verby gaan nie? Miskien was dit alles net 'n slegte droom. Miskien sal die storm homself net uitwoed as ek dit ignoreer. Moenie dokter toe gaan met hierdie bloedstukkies wat ek uithoes of in my urine of ontlasting sien nie. Of met die knop wat ek in my bors voel nie. Ek is te bang om uit te vind wat dit is. Dit sal dalk self regkom. Ek gaan liever nie praat met my man of vrou oor die spanning in ons verhouding nie- netnou hoor ek dis alles finaal verby. Miskien kom dit self weer reg. My kind wat nou so moeilik en onbeskof is- ek gaan dit net los- dis seker net 'n slegte fase- dit sal seker verby gaan. Dit gaan finansiëel met ons sleg, maar ek gaan nie iets daaraan doen nie- dit sal seker iewers weer beter gaan. Ons ontvlug ook maar soos Jona as ons moet optree of na vore moet tree.

Ons het soos Jona ook maar nie altyd vir die wêreld 'n getuienis oor die hoop wat in ons leef nie. Die kerk en gelowiges se liggie skyn maar te dikwels net na binne. Ons sukkel maar soms ook soos Jona met ons diepste identiteit- Jona se diepste identiteit was nie dat hy God dien nie. Hy is eerste Hebreër. Ons sukkel maar soms om met ander mense in ons land oor die weg te kom en hulle met ons, want ons identiteit begin by die verkeerde plek. My identiteit is dat ek wit of swart is, dat ek Afrikaner en

Afrikaans is of dat ek African en Xhosa is of bruin en engels is. Ons sal dalk anders met mekaar oor die weg kom as ons diepste identiteit begin by ek is kind van God en as jy dit is, is ons broers en susters van mekaar.

Wat doen die matrose as die storm losbars?

Die matrose raak eerste bang as die storm kom en elkeen begin na sy eie god om hulp roep. In die antieke wêreld is die see in die algemeen as hierdie bose plek gesien. Dink maar aan Openbaring 13 waar die dier met die tien horings en sewe koppe uit die see uit kom. Die tweede stap is om die vraag van die skip in die see te gooi om die skip ligter te maak- dan lê dit nie so diep in die water nie en dan dryf dit makliker voor die stormwind. Die derde stap is dat die kaptein na Jona toe gaan en hom wakker maak sodat hy ook sy god kan aanroep. Dalk het Jona se god een of ander mag oor hierdie hele situasie. Die vierde stap is om looitjies te werp om die skuldige aan te wys wat vir hierdie krisis verantwoordelik is. Dis ook maar ons- as daar iets verkeerd gaan, moet iemand die skuld kry. Ons voel beter as daar iemand is vir wie ek kwaad kan wees en die skuld kan gee.

Die lot val op Jona en Jona word gedwing om te praat. Hy vertel wie hy is en wie sy God is. Die God wat die hemel en die see en die vasteland gemaak het. Die matrose skrik hulle wit. Hulle het almal baie gode gehad en elkeen het maar net hierdie werkie gehad- die god van oorlog of vrugbaarheid of die god van seevaarders. Maar die God wat die hemel en die see en die vasteland gemaak het. Jona se God. Hierdie God was die real deal- Hy het beheer oor alles gehad- want as jy iets gemaak het, het jy beheer daarvoor. Hierdie God het ook die see gemaak waarop hulle in die storm vasgevang geraak het. Hy alleen het dus die mag gehad om die storm te stuur en die storm te staak.

Die matrose vaar deurgaans soveel beter as Jona. Hulle bid. Jona bid nooit hier in hoofstuk 1 nie. Selfs al weet hulle Jona is die skuldige party, probeer hulle hard roei vir die vasteland om ook sy lewe te red. Die heidense matrose het baie meer genade met Jona as hy met hulle. Net as hulle geen keuse meer het nie, gooi hulle Jona in die see. Maar hulle buig bang saam voor Jona se God, respekvol dat hulle nou net waarskynlik iemand se lewe geneem het. Die matrose het op die ou end selfs meer respek vir die God van Jona as wat Jona self vir Hom het.

Ons is ook maar op 'n manier soos die matrose in Jona 1. As die storm oor ons toesak, bid ons eerste tot ons eie gode en daarmee bedoel ek, ons soek ons eie oplossings. Ek sal dit self op my manier hanteer. As die storm groter word, gaan ek harder spartel of roei vir die vasteland om my krisis te beredder. Ons laaste reaksie gewoonlik is om te buig voor die Een wat werklik beheer oor die storm het en ons in al ons storms kan dra en vashou. Ons laaste reaksie is om te bid en hulp te vra.

Jesus se dissipels is ook die bang as die storm oor hulle toesak. Die Een wat kan help slaap ook soos Jona onder in die boot. Maar Hy slaap nie Jona se slaap van ontvlugting nie- Hy slaap die anglose slaap van iemand wat in beheer is, wat groter en sterker as die storm is. As die storm kom, gaan maak die dissipels die Redder in die skuit wakker. Die Een wat die ware mag oor die storm het. Miskien is jy moeg van jou eie oplossings vir jou storms of jou krisis soek, moeg gespartel om tot by jou eie vaste grond of beter plek te probeer roei. Koos van der Merwe sing so mooi hieroor. Jesus was nie net by Sy dissipels op die boot in die stormsee nie. Hy is ook in my lewensbootjie wat in die storms wil ondergaan: En in my stormsterkte kwessie slaap 'n Redder, dié Redder in die skuit.

Die grootste leuen van die lewe is dat ek en jy in beheer is. Ons is nie in beheer nie. Ons kan nie bepaal wat met Eskom en die land se skuld gaan gebeur nie. Ons kan nie bepaal of die Ramaphosa faksie of die Magashule faksie die beheer oor die ANC gaan kry nie. Ons kan nie bepaal of ons kinders altyd veilig gaan wees en of hulle sonder teenspoed of pyn of ernstige siekte of egskeiding deur die lewe gaan kom nie. Ek kan so gesond leef soos wat ek wil en steeds kanker of beroerte kry. Die matrose is in Jona 1 herinner ons wie werklik in beheer is en ons is in Sy Hande. Maar ons hoef nie soos die matrose bang te wees om voor Hom te staan nie en tot Hom te bid nie. Hy het in Jesus ook ons Vader geword wat graag ons gebede wil hoor en ons graag wil help.

Daar is 'n derde karakter in die storie naas Jona en die matrose- dis God:

God stuur die storm- Hy stuur nie storm om Jona te vernietig nie, maar om Jona te red en terug te bring na Hom toe en na SY Wil toe. God weet om in verhouding met Hom te leef en Sy Wil na te kom is die veiligste en beste plek waar ons kan wees. Soms moet Hy ook storms op jou en my pad plaas om ons terug na Hom toe te bring, om weer te ontdek wat Augustinus ontdek het: My hart is onrustig in my, totdat dit rus vind in U. Ek lees iewers die week op 'n plakkaat: "Storms in our life are not meant to break us, but to bend us towards God." Die storms en teleurstellings en pyn is dinge wat God gebruik om ons te vorm en met ons te praat. C.S. Lewis het die volgende geskryf: "God whispers to us in our pleasures, speaks in our consciences, but shouts in our pains. It is His megaphone to rouse a deaf world." God praat met sy dowe profeet Jona, met ons sy hardhorende kinders deur die megafoon van pyn en storms in ons lewens. God bring nie al die storms in ons lewens self aan nie. maar Hy kan met ons praat deur almal van hulle.

Dis die wonder van die God van Jona. Hy laat ons nie alleen in ons storms nie- ook nie diegene wat ons self deur ons swak keuses of ongehoorsaamheid aan Hom veroorsaak het nie. Koos van der Merwe skryf hierdie gedig arkloos. Dit het my laat dink aan hoe Jona moes voel toe hy op daardie skip na Tarsis toe geklim het. Hy moes bitter alleen gevoel het- hy het sy eie mense agter gelaat en self vir God agter gelaat. Hier is Arkloos:

Arkloos in my eie vloed,
soos die storms in my droë hart woed
Soos ek verder in die diepte sink
In die dorheid van my siel verdrink
Gedoem tot dorse drenkeling
'n Boodskaplose sendeling.

Die dorse drenkeling, die boodskaplose sendeling moes ontdek God het hom nie gelos nie. God roep hom weer, God stuur die vis sodat sy selfmoordtog om te verdrink misluk. God red vandag nog dorse drenkelinge, ook hulle wat in hul eie vloed, die foute wat hul self gemaak het, wil verdrink. Hy roep boodskaplose sendelinge wat ook maar soms ek en jy is, wat so toemond kan wees oor die hoop wat in ons leef en oor God se goedheid en genade en roep en stuur ons weer.

Daar is genade en selfs geskenke in ons storms:

Timothy Keller skryf: "There is mercy deep inside our storms." Hoekom? Want ons Here is in ons storms saam met ons. Hy het in Romeine 8:28 beloof dat Hy alles ten goede laat meewerk, ook die slegste ervarings en grootste storms in ons lewens, vir dié wat Hom liefhet. Timothy Keller skryf dat storms in ons lewens ons vir waarhede kan wakker maak wat ons andersins nie sou sien nie. Storms kan ons nederigheid, hoop, geduld en geloof leer soos wat niks anders in ons lewens sou kon doen nie. So baie mense het ook al teenoor my getuig dat as dit nie vir een of ander storm in hulle lewens was nie, hulle nooit 'n verdiepte verhouding met die Here sou ervaar het soos wat hulle tans doen nie.

Die genade van God het die wêreld ingekom deur die lyding van Sy Seun, daarom kan Sy reddende krag al meer en meer in ons lewens werk as ons in lyding verkeer of storms in ons lewens ervaar. Paulus skryf die vreemde ding in 2 Korintiërs 12 dat hy bly is oor swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van Christus, want as hy swak is, is hy sterk. As jy moeg geslaan is deur die storm of storms in jou lewe, ontdek jy soos Paulus dat die krag van Christus jou beskutting is. As die storm of die storms om jou losbars of klaar in jou lewe woed, moenie ontvlug soos Jona deur slaap of deur middel-afhanklikheid of retail therapy nie. Gaan roep die Redder in jou skuit. Hy is genadig en barmhartig soos Jona dit later uitspreek en Hy is groter as jou storms. En net die Een wat groter as jou storms is, kan jou daardeur dra.

Amen